# Sonder die Bybel sou ons dit nie geweet het nie (21-08-2016)

**Ons is so gewoond aan die Bybel en die hele wêreld wat die Bybel afkraak, is net so gewoond aan die Bybel, want almal verwys maar altyd terug in die geskiedenis na die Bybel, want watter ander geskiedenisboek is daar? Jy gaan dalk nog 'n geskiedenisboek kry wat tot by die Romeinse tyd gaan, maar wat is daar wat verder teruggaan?**

**Daar is nie...**

**So, wat almal ook al te sê het van die verskillende Ryke wat daar was en die gebeure wat daar was, Toring van Babel, Sondvloed en al daai dinge, verwys maar altyd terug na die Bybel.**

**Ons weet ons is verlore...**

**Ons weet waar ons vandaan kom...**

**Ons weet dat die huidige wêreld tot 'n einde gaan kom...**

**Ons weet ook dat ons gered kan word van verderf...**

**Ons weet ook hóé ons gered kan word van verderf...**

**Dan is ons reaksie, "Ja, ons weet dit..."**

**Hoe weet jy dit?**

**As jy dit nie in die Bybel gelees het nie, dan weet jy dit nie. Die Bybel is die bron en daarom moet ons die bron beskerm.**

**Of dalk weet jy dit, omdat jou dominee dit vir jou vertel het en hy kry dit uit die Bybel en jy glo hom onvoorwaardelik om jou siel se ewigheid daarop te plaas. Jy doen nie moeite om te gaan kyk of dit wat hy aan jou verkoop het, werklik so is nie. Sy woord en jou tiende, en daar gaan jy...**

**Ons kyk in hierdie boodskap na 'n paar goed wat in die Bybel vir ons opgeteken staan...**

**Génesis** 6:17 Want kyk, Ék bring 'n watervloed oor die aarde, om van onder die hemel te verdelg alle vlees waar 'n lewensgees in is. Alles wat op die aarde is, sal
wegsterwe. 18 Maar met jou *(Noag)* sal Ek my verbond oprig; jy moet in die ark gaan, jy en
jou seuns en jou vrou en die vroue van jou seuns saam met jou.

**Génesis** 9:11 En Ek rig my verbond met julle op, dat alle vlees nie meer deur die waters van die vloed uitgeroei sal word nie, en dat daar geen vloed meer sal wees om die aarde te
verwoes nie. 12 En God het gesê: Dit is die teken van die verbond wat Ek sluit tussen My en julle en al die lewende wesens wat by julle is, vir ewige geslagte: 13 my boog gee Ek in die
wolke; dit sal 'n teken wees van die verbond tussen My en die aarde.

